# Waarom mense oor Smit Motors praat, en lusmakers en lokprente

'n Klein rolverdeling van onvergeetlike karakters bewoon Réney Warrington se rolprentagtige boek oor outsiderskap, maar DEBORAH STEINMAIR sê jy moenie wag vir die movie nie.


28 JUNIE 2019

MENSE & KULTUUR

6 MIN OM TE LEES

Deborah Steinmair

Bydraer






Daar is gelukkig soveel wat nié in ’n paar paragrawe op die agterplat verklap kan word nie, soos die gevoel van verlies wat deur die boek klop. Petra rou oor haar oupa. Sy is nerfaf en rou, verlore in: “... hierdie vreemde wêreld wat op sy kop gedraai is en waar fokkol sin maak.” En ’n ander karakter verwys na: “Die gevoel dat jy ’n vreemdeling in jou eie lewe is, ’n vreemdeling vir die mense naaste aan jou.”

Randvisse was nog altyd minder veroordelend en eksklusief as hoofstroomswemmers omdat hulle verwerping aan eie lyf gevoel het. Petra, ’n gay vrou, is aan die woord: “Want ek onthou hoe benoud ’n mens voel, hoe pervers die samelewing ’n mens laat voel. Asof jy demonies is en jou seksualiteit ’n siekte is wat genees kan word. Ek onthou die selfhaat. So, dit sou op hoërskool awesome gewees het om met iemand te kon praat. As iemand net vir my kon sê, ontspan, daar is absoluut niks fout met jou nie.”

> ‘Uit ’n kort postuur, fascistiese kuif en snor, rugbybroek met boepens en leeutatoe bou sy die boogieman wat vroue en veral gay vroue vrees: die braaiende, suipende, briesende, slanende vrouehater in ons midde.'

Is daar al genoeg in Afrikaans geskryf oor die moeras van selfhaat waardeur gay vroue moet waad, die renostervel wat hulle moet ontwikkel? Miskien word dit beter, miskien ís dit al beter, maar dit was ook nie die geval vir Petra, wat aansienlik jonger as ek is nie: “Basies onttrek ek my aan die lewe. Hoe kleiner en meer onopsigtelik ek is, hoe kleiner is die kans dat ek uitgevang gaan word.” Wat dit beter gemaak het, vertel sy, was “die liefde van mense”.

Die roman het ’n sterk feministiese inslag, maar dis amper terloops. Die hoofkarakter dink na oor die Twitter-meningspeiling van die aktivis Danielle Muscato. Sy het vroue gevra wat hulle sou doen as daar saans ’n negeuur-aandklokreël (curfew) vir mans ingestel sou word. Die antwoorde is aangrypend en moerigmakend. Die meeste van hulle sou gaan stap het. Daar het jy dit.

Warrington het ’n manier om karakters met enkele besonderhede te laat lewe. Uit ’n kort postuur, fascistiese kuif en snor, rugbybroek met boepens en leeutatoe bou sy die boogieman wat vroue en veral gay vroue vrees: die braaiende, suipende, briesende, slanende vrouehater in ons midde. Die slagter, Hannes, is nagmerriemateriaal, ’n tikkende tydbom. Daar is ook ander verskrikkervoëls, soos die spietkop wat vir Petra aftrek: “Ja, gelukkig vir my, dink Petra, is ek elke slag wat ’n polisieman my aftrek fokken weerloos. Elke keer wat ek in die Parks rondloop, moet ek ’n langbroek aantrek. Elke keer wat ek in die hardewarewinkel instap, moet ek eers die vlerkslepery duld voor iemand my help.”

Die rolverdeling is klein; daar is net ’n handjievol karakters, maar hulle is onvergeetlik. Daar is die 90-jarige tannie Naudé in ’n rolstoel; skerp, pittig en onveroordelend omdat sy self gemarginaliseer is weens haar gestremde kleinseun, Arno. Laasgenoemde kon maklik ’n literêre cliché gewees het, met sy stadige brein, groot lyf en hart van goud (dink Lennie Small in *Of Mice and Men*, dink Joon in *Roepman*), maar Warrington se subtiele aanraking maak hom uniek. Soos op elke klein dorpie is daar die beeldskone dogter van skatryk ouers wat meisies wil vry.

> ‘Mense praat miskien oor die stomende lesbiese sekstonele in Smit Motors, maar Marlize Hobbs-Russel, Joan Hambidge, Jeanne Goosen en ander het daardie tema al inhibisieloos oopgeskryf.’

Dan is daar Petra se meisie, die Portugese Cyla vol tatoes en wysheid. En die verhongerde, mishandelde seuntjie Monty, wat nooit ’n woord praat nie, met sy bakore en bruin oë. Dan is daar ook die enigmatiese, afsydige kunstenaar Susan wat niks met die klein dorpie te doen het nie. Waar pas sy in die prentjie? Aanvanklik het haar storie (darem in kort aflewerings vertel) my minder geïnteresseer as die hoofstorie. Maar glo my, niks is oorbodig hier nie.

Mense praat miskien oor die stomende lesbiese sekstonele in *Smit Motors*, maar Marlize Hobbs-Russell, Joan Hambidge, Jeanne Goosen en ander het daardie tema al inhibisieloos oopgeskryf. Wat bybly, is die reddende “liefde van mense”. Tannie Naudé se raad vir ’n wêreld wat buite beheer tol, is: “Jy kyk na daardie wêreld wat al vir so lank van jou af wegrol en jy gee ’n klein treetjie nader daarna toe.”

Hierdie roman skitter soos die glas van ’n motorhandelaar se toonvenster. Dis onambisieus en daardie drie holruggeryde woorde: universeel, tydloos en menslik. Soos een van die karakters sê: “Ek dink nou aan ’n onderhoud met die Amerikaanse fotograaf Roger Ballen. Hy het die volgende oor kuns gesê: ‘Dit dring jou geestesoog binne voor jy jou mond kan oopmaak. Dit is soos ’n virus. ’n Verkouevirus. Jy lewe jou lewe en, en o nee, daar is jou keel seer, of jy kry ’n hoofpyn. Die virus is binne jou. Op ’n manier het dit jou lyf binnegedring en nou is dit besig om jou selle se samestelling te verander.’ Dit is vir hom groot kuns.”

Stel jou bloot aan die virus.